higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE SKAKELWESE N6

(5070046)

28 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

120Q1J2128

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPENBARE SKAKELWESE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

As 'n openbareskakelwese-praktisyn (OSP) moet jy basiese kennis van drukwerk hê. Uitstallingspakkette moet 'n positiewe beeld van die onderneming oordra, en 'n oningeligte OSP kan skade aan 'n onderneming se reputasie veroorsaak. Die OSP moet ook uitstallings op 'n kreatiewe manier kan organiseer.

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.12) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Goedkoop, absorberende papier geskik vir die druk van koerante en laekoste-publikasies	A	openbare skoue
1.1.2	Gewoonlik by 'n organisasie se eie of gehuurde perseel gehou	B	kunspapier
1.1.3	Dik, absorberende papier wat vir boekomslae, spyskaarte en talle ander items gebruik kan word	C	privaat skou
1.1.4	Beweeg van een plek na 'n ander per pad, spoorweg, see of lug	D	bromiedpapier
1.1.5	Gemaak van papier en ander materiaal	E	mobiel
1.1.6	Ontwerp en gebou om uitmekaar gehaal te word en na verskeie plekke te vervoer	F	koerantpapier
1.1.7	Hoëgehalte-papier met gladde oppervlak gebruik vir gehaltedrukwerk	G	draagbaar
1.1.8	Gespesialiseerde uitstallings en vermaak vir spesifieke en algemene teikengroepe	H	kardoespapier ('cartridge paper')
1.1.9	Blink paper gebruik vir glansdrukwerk	I	spesiaal
1.1.10	Fokus op spesifieke belangstellings soos huisversiering, gesondheid, mode, sport	J	superglanspapier
1.1.11	Gehalte- fotografiese papier waarop oorspronklike kunswerk gedruk word	K	permanente skou
1.1.12	Permanent op die organisasie se perseel geleë	L	gespesialiseer
		M	herwonne papier

(12 × 1) (12)

1.2 Noem VIER tegnieke wat gebruik kan word om die uitleg van 'n publikasie te verbeter. (4)

1.3 Noem VYF vereistes vir die ontwerp van 'n publikasie. (5 × 2) (10)

1.4 Verduidelik VYF riglyne vir hantering van die pers. (5 × 2) (10)

1.5 Lys en verduidelik SEWE stappe vir die beplanning van oudiovisuele programme. (7 × 2) (14)
[50]

VRAAG 2

2.1

DIE KLANT KOM TE ALLE TYE EERSTE IN 'N KRISIS

Suid-Afrikaanse maatskappye moet aandag gee. As daar ooit 'n tyd was om te leer hoe om 'n eksterne bedreiging te hanteer, is dit nou. Pick n Pay, met hul vergiftigde kos, en ABSA, wie se kliënte deur 'n kuberkraker bedreig is, het onlangs deur 'n moeilike proses geworstel.

ABSA se saak was nie een van lewe en dood nie, maar vir talle mense met swaar verdiende geld in hul bankrekening kan bedrog soos 'n kwessie van lewe en dood voel.

Pick n Pay se geval van produkpeutering en hul gevolglike reaksie, of gebrek daaraan, kan as grootskaalse foutiewe oordeel beskou word. Pick n Pay het sewe weke later eers van hulle laat hoor, nie uit noodsaaklikheid om hul klante teen die risiko te waarsku nie, maar omdat 'n klant siek geword het.

[Bron: *Business Report*]

2.1.1 Sou jy die probleem wat Pick n Pay ervaar het as 'n *ramp* of 'n *krisis* beskryf? Motiveer jou antwoord. (3)

2.1.2 In watter kategorie ramp of krisis val dit? (1)

2.1.3 Watter soort krisis het ABSA ervaar? (1)

2.2 Noem VYF doelstellings van spesiale geleenthede. (5)

2.3 Noem VYF voordele van navorsing in openbare skakelwese. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.4 Hoekom is dit belangrik vir 'n onderneming om goeie verhoudings met die volgende te handhaaf?

2.4.1 Die gemeenskap

2.4.2 Klante of kliënte

2.4.3 Werknemers

2.4.4 Die media

2.4.5 Aandeelhouers

(5 × 3) (15)

2.5 Noem VYF doelstellings van reklame. (5 × 2) (10)

2.6 Lys VYF soorte sitplek-uitlegte wat geskik sal wees vir die aanbiedingstyl en behoeftes van die gehoor. (5)

[50]

VRAAG 3

3.1

Fondsinsamelaar: Wes-Kaapse Natuurbewaringsraad (Kaapstad)

Kernverantwoordelikhede

- Administratiewe en steundiens aan die algemene bestuurder
- Web- en ander navorsing om nuwe fondsinsamelings- en vennootskapgeleenthede te identifiseer
- Navorsing oor en skryf en redigeer van fondsinsamelingsmateriaal onder leiding van die bestuurder
- Verpakking van aanbiedings vir moontlike skenkers
- Gebruik van inisiatief en aanvaarding van verantwoordelikheid vir die hantering van die administratiewe kant van toelae
- Bywerk van projeknasporingstabelle deur gebruik van inligting uit verskeie bronne
- Skakeling met ander departemente en voornemende skenkers

Vereistes

- Kwalifikasies in sosiale wetenskappe
- Selfversekerde, entoesiastiese en positiewe persoonlikheid
- Vermoë om met mense op verskeie vlakke in organisasies te werk
- Goed georganiseerd, detailgeoriënteerd en kan veelvuldige take gelyktydig doen
- Goeie werkende kennis van MS Office (basiese vaardigheid in PowerPoint en Excel)
- Vyf jaar ervaring in 'n soortgelyke omgewing

Stuur jou aansoek en CV voor 30 Junie 2021 per e-pos aan die MH-bestuurder by carin@capenature.gov.za.

Kopiereg voorbehou

3.1.1 Identifiseer VIER persoonlike eienskappe wat 'n fondsinsamelaar moet hê. (4)

3.1.2 Hoekom word die eienskappe wat jy in VRAAG 3.1.1 geïdentifiseer het, vereis? (2)

3.1.3 Identifiseer TWEE interne en TWEE eksterne openbareskakelwese-take wat uitgevoer moet word. (4 × 2) (8)

3.2 'n Advertensie moet alle nodige inligting bevat en die OSP moet met die menselikehulpbron-bestuurder skakel om te verseker dat die regte posbeskrywingspesifikasies ingesluit word.

3.2.1 Lys SEWE veranderinge wat jy aan bostaande advertensie sou aanbring om dit te verbeter. (7)

3.2.2 Lys en verduidelik VYF vereistes vir 'n goeie advertensie. (5 × 2) (10)

3.3 **Die Winter-beeldhouwerkskou 2018**

Adres: Nirox-landgoed, Kromdraaiweg 24, Krugersdorp, Suid-Afrika

As jy 'n passie het vir fynproewerskos, goeie wyn en indrukwekkende kunswerke, moet jy nie 'n dag in die platteland by die jaarlikse Winterskou van 12 tot 13 Mei 2018 misloop nie. Die skou vind op die Nirox-landgoed plaas, wat normaalweg nie oop is vir die publiek nie.

3.3.1 Identifiseer TWEE hoofdoelstellings en TWEE algemene doelstellings van 'n uitstalling wat die Nirox-landgoed wil bereik. (4 × 2) (8)

3.3.2 Gee SEWE riglyne vir die suksesvolle bestuur van 'n stalletjie by 'n skou. (7)

3.4 Noem VIER faktore wat die keuse van media bepaal. (4)

[50]

VRAAG 4

4.1

Sny bande met Nike, vra atlete

Sydney – Olimpiese atlete word aangemoedig om hul borgskapbande met Nike te verbreek te midde van aansprake van uitbuiting van werkers in Indonesiese fabrieke.

Menseregtegroep Community Aid Abroad-Oxfam beskuldig die sportdragreus van betaling van 'n skamele $1 (R6,95) per dag en voer dreigemente uit aan diegene wat by vakbondaktiwiteite betrokke is.

[Bron: *The Argus*, 4 September 2000]

4.1.1 Hoekom dink jy moet Nike hul beeld regstel? (2)

4.1.2 Watter soort borgskap is Nike? (1)

4.1.3 Dink jy Nike sal hul slegte beeld kan verbeter as hulle sportsterre borg? Motiveer jou antwoord. (1 + 1) (2)

4.2 Definieer die term *borgskap*. (2)

4.3 Lys VYF kategorieë van kommunikasiemedia. (5)

4.4 Gee VIER redes waarom Nike moontlik by borgskappe betrokke kan raak. (4 × 2) (8)

4.5 Verduidelik VYF areas van korporatiewe sosiale verantwoordelikheid wat Nike kan uitvoer om die maatskappy se beeld te verbeter. (5 × 2) (10)

4.6 Verduidelik die gebruik van die U-vormige sitplekplan in 'n werkswinkel. (5 × 2) (10)

4.7 Noem VYF doelstellings van navorsing oor openbare skakelwese. (5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou